
# Oor Tiendes

Tuesday, March 3, 2009 at 2:02PM

ekerk in Vraag & Antwoord

*deur Stephan Joubert*

**Vraag:** Hoe balanseer mens die gee van tiendes en die eise van die ondersteuning van jou gesin? Kan van die geld wat my tiende uitmaak eerder aan behoewiges gegee word as die kerk? Wat maak die kerk met geld ontvang van lidmate as tiendes?

**Antwoord:** So 'n paar punte in antwoord…

1. Die Nuwe Testament maak fisiese tiendes nie verpligtend nie. Hoekom nie? Omdat Jesus dit verstaan as deel van daardie godsdiens van die Fariseërs waar dooie objekte (geld, items) aan God gegee is met die verwagting dat dit die gewers se godsdienstige status sou verhoog (lees gerus Lukas 18:9-14). Daarom dat Jesus in Matteus 23 in geen onduidelike taal nie die Fariseërs, as die heel strengste gewers van tiendes wat selfs al tiendes van kruistement en koljander gee, uitwys as diegene wat die eintlike gehorosaamheid aan die wet versaak. Die primêre doel van die wet van God is nie om reëls te onderhou nie, maar om nuwe verhoudings met God en ander te handhaaf.
2. Vir die N.T. is ons ganse lewe nou 'n lewende tiende. Om dus net nog oor tiendes te gesels as afgeweegde geld tot op die letter is om moontlik selfs weer 'n gevangene van dit te word waarteen Paulus in Kolossense 2 waarsku, naamlik 'n wettiese, uiterlike godsiens. Nou is ons hele lewe 'n lewende offer aan God (Rom 12:2). Daarom gee ons, wanneer die Here dit van ons vra, nie net 'n tiende nie, maar sommer 50%, soos 'n Saggeus (Lukas 19), of selfs 100%, soos die arm weduwee (Lukas 21).
3. Die nuwe norm van die Nuwe Testament is dat Jesus alles vir ons gegee het, daarom is die hart van Christus nou in ons binneste wat maak dat ons alles vir Hom en ander gee (Fil 2:1-11). Jesus wat ryk was, het t.w.v. ons arm geword sodat ons wat arm is in Hom ryk is (2 Kor 8:9). Daarom kan ons weggee. Geen wonder dan nie dat Paulus in 2 Kor 8:1-5 verwys na die Masedoniese Christene wat hulleself eers aan God en toe aan Paulus gegee het toe hulle 'n geldelike bydrae wou maak vir die arm Christene in Jerusalem. Die nuwe roete is dus om jouself te gee as 'n offer. En offers maak seer. Dit vra alles. Daarom is my tiendes nie net meer my geld nie, maar ook my tyd, talente, energie en diens. My tyd en my talente is ook deel van my lewende tiendes wat ek weggee.
4. Die nuwe beginsel vir Christelike gee, is in Handelinge 20:35 waar Paulus (wat vantevore 'n wetsgehoorsame Fariseer was, maar glad nie meer tiendes voorskryf as hy oor geld in sy briewe skryf nie) meld dat hy hard gewerk het sodat die armes ook iets het om te eet. Kortom, ek moet ook werk sodat ek geld het om vir die armes te gee. Ek dien hulle deur 'n feesmaal vir Jesus se gunsteling mense – die armes, kreupeles, lames en blindes van Lukas 14 – aan te lê. My geld word nou nie net op myself gespandeer nie, maar op die armes ook.
5. Kortom, dit lyk asof die tiendes van die O.T. na die N.T. skuif van blote geld of oeste of

besittings wat ek gee, na my ganse lewe as tiende. Alles wie ek is en wat ek gee is offers. Dit moet my iets kos. Maar ek moet nie met ‘n skuldige gewete opgeskeep sit en meen ek moet geld, soos die Fariseërs afweeg en meet nie. Dan koop ek my gewete af as ek meen ek het getrou my geldelike tiende gegee. Jesus vra meer. Hy vra myself as lewende offer.